


# 2021

# TUISONDERRIG
## INLIGTINGSTUK




LIG-WAARHEID-LEWE

**NUKLEUS**
ONDERWYS

LIG - WAARHEID - LEWE

**NUKLEUS**
ONDERWYS

# 2021

**TUISONDERRIG**
INLIGTINGSTUK

# INHOUD


**02** **WIE IS NUKLEUS** ONS VISIE, ONS MISIE

**03** **WIE IS NUKLEUS** ONS WAARDESTELSEL

**04** **WIE IS NUKLEUS** ONS DOEL

**05** **WAT ONS BIED** LESMATERIAAL, EKSAMENS, TOETSE EN DEURLOPENDE EVALUERING

**07** **NUKLEUS** VAKONTWIKKELING

**07** **NUKLEUS** GRADE EN VAKKE

**08** **OPSIES** AFSTANDSLEERDER, ONDERSTEUNING, TUISLEERDER

**10** **NUKLEUS** PLUS OPSIE

**11** **BYSTANDSENTRUMS** STIGTING, INSKRYWINGS

**12** **INSKRYWINGS** KOSTES

**13** **OPSIES** ENKEL BOEK AANKOPE

**14** **LESMATERIAAL** VOORGESKREWE BOEKE GRAAD 10 - 12

**16** **INSKRYWINGS** AANSOEKVORMS

**17** **BETALINGS** BANKBESONDERHEDE

# WIE IS NUKLEUS ?




© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# WIE IS NUKLEUS

Nukleus is 'n diensverskaffer wat hom beywer vir die daarstelling van kwaliteit, waarheidsgedrewe, Afrikaanse lesmateriaal en voldoen aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring.

Nukleus het sy bestaan te danke aan 'n aantal onbaatsugtige lede wat 'n saak aangepak het; nie met die oog op winsbejag nie, maar om Afrikaner-kinders te beskerm en op te voed binne die vaste en suiwere beginsels van ons Hemelse Vader. Dit is om hierdie rede dat Nukleus daarna streef om lesmateriaal van die hoogste gehalte vir die Afrikaner volk daar te stel. Nukleus is dus onderwys vir die Afrikaner-kind tot eer van die God van Abraham, Isak en Jakob en roem onbeskaamd op ons vaste geloof en vertroue in ons Hemelse Vader.

# ONS VISIE

Om aan die Afrikaner-kind onderwys, opvoeding en ontwikkeling te bied wat geanker lê in die Woord van God en eg is aan volkseie waardes om sodoende, 'n trotse, bekwame en 'n Heilige Godvresende Geslag uit te bou tot 'n stad op 'n berg, tot eer van Sy Heilige Naam.

# ONS MISSIE

Om lesmateriaal en ander opvoedkundige stelsels, gegrond op die Woord van God te ontwikkel vir voorskoolse en skoolgaande Afrikaner-kinders, om hul sodoende in staat te stel om uit te styg en te presteer tot hulle volle potensiaal.

# ONS WAARDESTELSEL

*(Die waardes hierna genoem is ook 'n uitdrukking van die etos van Nukleus en moet sodanig deur Direkteure en personeel eerbiedig word. Dit moet ook deur elke ouer en elke leerder aanvaar en onderskryf word. Diegene wat nie 100% daarmee kan assosieer nie, moet nietemin aanvaar dat die etos van Nukleus nie om hulle onthalwe aangepas of verander sal word nie.)*

'n Afrikaner word vir hierdie doeleindes omskryf as 'n persoon met 'n vaste Geloof in die God van Abraham, Isak en Jakob, wat die Bybel (1933/53 vertaling) as die enigste Godgegewe Woord erken en aanvaar en daarvolgens leef en wat hul vereenselwig met die Boere-Afrikaner se geskiedenis.



© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

Die ouer het 'n pligsbesef teenoor hulle kinders om hulle op te voed en te onderrig uit Bybelse beginsels en orde in Afrikaans as moedertaal. Hierdeur word 'n kultuur van Volkseie trots by hulle gevestig en word hul versterk in die Geloof en Kennis van God, sodat hulle die Godsvrug sal uitdra, om hulle eie volk lief te hê en om God met hulle hele hart te dien.

Die handhawing en uitlewing van die Afrikaner identiteit is vir Nukleus ononderhandelbaar en ons verskaf lesmateriaal slegs aan persone wat dieselfde oortuiging deel en die waardestelsel van Nukleus nastreef.

## ONS DOEL

Nukleus sal altyd poog, in ons strewe na uitnemendheid, om 'n hoër standaard daar te stel as wat deur die owerheid vereis word.

Nukleus verbind hom ook daartoe om 'n gesuiwerde kurrikulum deur te gee, deur die onwaarhede wat gepropageer word, sowel as die on-Bybelse sienings, -waardes en -teorieë wat ons kinders opgedis word, uit te filtreer.

Dit is egter 'n enorme taak wat voorlê met uitdagings wat soms onoorkombaar lyk, maar ons glo dat die Vader ons hiertoe in staat sal stel, totdat Hy vir ons as volk 'n uitkoms bied waarin ons ons kinders sal kan onderrig in suiwer waarheid.

Ons pleit dat alle ouers hulle kind(ers) se Bybelonderrig en opvoeding as 'n opdrag van ons Hemelse Vader sal besef en dienooreenkomstig hierdie plig, hul kinders sal opvoed met die Skrif as basis en nie hierdie verantwoordelikheid versuim of op ander probeer afskuif nie. Die Skrif sê immers dat ons ons kinders die Woord moet inskerp (Deut. 6:6,7).

Vir te lank was die Afrikanervolk gewoond om sy opvoedingsplig op die staat oor te skuif en aan die onderwysers oor te laat. Dit het egter tyd geword dat kinders onder die hoor van die Woord sal grootword, sodat hulle die aanslae van ons tyd sal kan afweer en sal kan onderskei tussen die leuen en die waarheid.

NUKLEUS 2021


© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# WAT ONS BIED.






© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# DIE LESMATERIAAL

Nukleus lewer kindervriendelike lesse wat deur 'n span ervare onderwyskundiges saamgestel is. Dit staan die ervare onderwyser se plek vol en dien as kragtige hulpmiddel vir onderwysers, ouers en bystandsentrums. Elke les is so geskryf dat aandag aan al Nukleus se onderwys– en opvoedingsdoelwitte gegee word. Lesmateriaal word per module volgens die aantal weke per kwartaal ingedeel.

# DIE HANDLEIDING EN OUERGIDS

Hoe werk die handleiding en ouergids? Nukleus werk hard aan die opgradering van materiaal om hoë standaarde te handhaaf. Elke les begin deur vir die ouer te verduidelik wat hy/sy nodig het om die les aan te bied. Die ouer word dus gehelp om korrek voor te berei vir elke les. Die leeruitkomste van elke spesifieke les word aan die ouer verduidelik om sodoende die ouer in staat te stel om klem te lê op wat belangrik is.

Memorandums op aktiwiteite in die lesmateriaal bestaan uit antwoorde wat stapsgewys verduidelik en puntsgewys uiteengesit word, sodat ouers sal weet waarna om op te let en hoe om punte toe te ken.

# TOETSE, EKSAMENS EN ASSESSERING

Assesseringstake sluit naslaanwerk, gevallestudies, dataverwerking en toetse of eksamens op 'n deurlopende basis in.

Die Nukleuskursus vir graad R tot 11 strek jaarliks oor vier modules (graad 12 bestaan slegs uit 3 modules) en eksamens word jaarliks gedurende Junie en November afgelê. Alle interne eksamens word tuis onder toesig van 'n onafhanklike party afgeneem. Hierdie onafhanklike persoon moet 'n onderneming teken waarvolgens hy/sy die toetse en eksamen sal ontvang en die antwoordstelle direk aan Nukleus sal pos.

Benewens die eksamen, voltooi leerders assesseringstake op 'n deurlopende basis. Sperdatums vir die inhandiging van assesseringstake sal streng nagevolg word en alle werk moet op die gegewe sperdatums reeds by die Nukleus kantoor wees. Die Nukleus kantoor sal hierdie sperdatums betyds aan alle leerders deurgee. Indien alle assesseringstake en eksamens nie betyds die Nukleus kantoor bereik nie, sal die leerder nie 'n Nukleus rapport of evalueringsverslag ontvang nie.


© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# NUKLEUS VAKONTWIKKELING

Vakontwikkeling vind op 'n deurlopende basis plaas ten einde gehalte materiaal te voorsien en 'n hoë standaard te waarborg.

Vakonderwysers word gekontrakteer om voortdurend opgradering te doen en eksamens op 'n jaarlikse basis te vernuwe.

# NUKLEUS GRADE EN VAKKE

**Graad R-3**
Afrikaans Eerste Taal, English First Additional Language, Wiskunde, Lewensoriëntering, Skrif.

**Graad 4 - 6**
Afrikaans Eerste Taal, English First Additional Language, Wiskunde, Lewensvaardighede, Natuurwetenskappe & Tegnologie, Sosialewetenskappe.

**Graad 7 - 9**
Afrikaans Eerste Taal, English First Additional Language, Wiskunde, Lewensoriëntering, Kuns & Kultuur, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Menslike & Sosialewetenskappe, Ekonomiese & Bestuurswetenskappe, Landbouwetenskappe*.

**Graad 10 - 12**
Afrikaans Eerste Taal, English First Additional Language, Wiskunde, Wiskunde Geletterdheid, Lewensoriëntering, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Besigheidstudies, Verbruikerstudies, Landbouwetenskappe, Landboubestuurspraktyk, Toerisme, Rekeningkunde, Ekonomie, Geografie, Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, IGO.

**Hou in Gedagte**
Graad 10 leerders mag nie in 2021 Wiskundige geletterdheid saam met Fisiese Wetenskappe, IT en IGO neem nie en verkieslik nie met Rekeningkunde, Lewenswetenskappe, Ekonomie, en Geografie.

*Landbouwetenskappe is 'n keusevak en word addisioneel aangekoop.


© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# OPSIES.







© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# AFSTANDSLEERDER-OPSIE

Nukleus verskaf die nodige lesmateriaal en leerders word geassesseer deur opgeleide vakonderwysers.

Deurlopende assesseringstake en eksamens word deur gekwalifiseerde onderwysers opgestel en nagesien waarna 'n rapport op grond van die leerder se punte behaal in die take en eksamens, kwartaalliks uitgereik word. Leerders van graad R tot 9 se werk word kwartaalliks saam met die vorderingsverslag na ouers gestuur. Ons versoek dat dit op 'n veilige plek gebêre word, indien dit aangevra word vir moderering.

Ondersteuningsdienste aan Afstandsleerders
Leerders ontvang hul lesmateriaal, ouergidse, eksamens en assesseringstake korrek, volledig en betyds. Hulle is verseker dat 'n gekwalifiseerde onderwyserskorps beskikbaar is om die werk te assesseer en hulle met vak-advies en hulp te bedien, waar hulle eie kennis en kundigheid tekort skiet. Daar word verder ook spesiale dienste gelewer vir leerders met spesiale behoeftes.

# TUISLEERDER-OPSIE

Dit staan enige ouer/voog vry om nie van die Afstandsleerder-opsie gebruik te maak nie en nog steeds die Nukleus lesmateriaal per graad of selfs per vak aan te koop. Die ouer/voog is self verantwoordelik om die leerder te evalueer en assesseer.

Nukleus sal in die geval waar die leerder vir die volle graad inskryf, slegs die verskaffer van die lesmateriaal wees en sal nie vir die assesseringstake of eksamens verantwoordelik wees nie. Daar sal dienooreenkomstig ook nie 'n vorderingsverslag aan so 'n leerder uitgereik kan word nie.



© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# NUKLEUS PLUS OPSIE (GR.10-12)

Nukleus is by SACAI as 'n kurrikulum diensverskaffer vir die Nasionale Senior Sertifikaat geregistreer. SACAI is voorwaardelik geakkrediteer deur Umalusi. Dit beteken dat leerders van Nukleus 'n Nasionale Senior Sertifikaat kry soos enige ander skoolgaande matrikulant in Suid-Afrika.

Alle leerders word reeds van graad 10 by SACAI as afstandsleerders geregistreer. Die Nasionale KURRIKULUM Assesseringsbeleidsverklarings (KABV/CAPS) word as vertrekpunt gebruik. Die riglyne word as die minimum beskou en in die leerder se belang versigtig geanaliseer, geïnterpreteer en op 'n gepaste wyse aangebied. Die leerder word sentraal geplaas en die leermateriaal is sensitief vir die waardestelsel waarmee die leerder hom/haarself vereenselwig. Dit gebeur ook dat die inhoud wat deur die KABV/CAPS voorgeskryf word 'n eensydige perspektief bied en dat Nukleus dit nodig mag ag om inhoud by te werk wat 'n ander perspektief verskaf en 'n wenslike balans daarstel.

Nukleus poog om die hoogs moontlike standaard te handhaaf deur die beskikbaarstelling van opgeleide vakonderwysers per vak, wat leerders help om by die standaard uit te kom eerder as om die standaard te kompromitteer deur die leerder tegemoet te kom. Vakonderwysers is te alle tye per telefoon of e-pos bereikbaar en dit beteken dat die inhoud aangevul sal word as hy/sy dit in die leerder se belang sal ag.



**VIR ENIGE VERDERE NAVRAE:** INFO@NUKLEUS.CO.ZA



© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# BYSTANDSENTRUMS

## STIGTING

‘n Bystandsentrum is ‘n opvoedkundige sentrum wat totaal onafhanklik van Nukleus bedryf word, maar Nukleus se produkte en dienste gebruik.

‘n Bystandsentrum word gestig met die uitsluitlike doel om hulp en bystand te verleen aan leerders. Dit bied aan ouers/voogde ‘n geleentheid om ‘n gesamentlike poging aan te wend en sodoende beperkte hulpbronne tot beter voordeel te benut.

‘n Nukleus erkende Bystandsentrum moet ‘n skriftelike kontrak met Nukleus aangaan en ‘n sentrum-koördineerder aanstel wat verantwoordelik is vir nakoming van bepalinge binne die kontrak. Die sentrum-koördineerder hanteer ook die totale koördinering tussen die Bystandsentrum en Nukleus.

## INSKRYWINGS

Ouers dien aansoek en registrasievorms in by Nukleus en betaal alle Nukleus gelde direk aan Nukleus. Alle lesmateriaal word aan ouers gestuur vanaf Nukleus. Die leerder skakel dan in by die Bystandsentrum en betaal daar die fooi wat deur die Bystandsentrum gehef word.




© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU





© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

LIG - WAARHEID - LEWE
NUKLEUS ONDERWYS

# Pryslys **2021**

| | Met Assessering Gedrukte Boeke | Sonder Assessering Gedrukte Boeke | Met Assessering Gedrukte Boeke Voljaar Betaal |
|---|---|---|---|
| Graad **R** | R1700.00 | R1350.00 | R6120.00 |
| Graad **1** | R2170.00 | R1550.00 | R7800.00 |
| Graad **2** | R2170.00 | R1550.00 | R7800.00 |
| Graad **3** | R2170.00 | R1550.00 | R7800.00 |
| Graad **4** | R2600.00 | R1950.00 | R9360.00 |
| Graad **5** | R2600.00 | R1950.00 | R9360.00 |
| Graad **6** | R2600.00 | R1950.00 | R9360.00 |
| Graad **7** | R3450.00 | R2500.00 | R12600.00 |
| Graad **8** | R3450.00 | R2500.00 | R12600.00 |
| Graad **9** | R3450.00 | R2500.00 | R12600.00 |
| Graad **10** | R4375.00 | | R15740.00 |
| Graad **11** | R4375.00 | | R15740.00 |
| Graad **12** | R4850.00 | | R13095.00 |
| | Per Kwartaal Met Rapport | Per Kwartaal Geen Rapport | Per Jaar Met Rapport |

## Voorgeskrewe **Boeke**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad **1** | R269.69 | Graad **7** | R415.50 |
| Graad **2** | R281.35 | Graad **8** | R744.00 |
| Graad **3** | R146.45 | Graad **9** | R812.00 |
| | | Graad **10** | R673.88 |
| | | Graad **11** | R620.00 |
| | | Graad **12** | R625.95 |

## SACAI **Fooie**

| | |
|---|---|
| Graad **10** | R180.55 Per Leerder |
| Graad **11** | R180.55 Per Leerder |

| Graad **12** | |
|---|---|
| Registrasiefooi | R384.56 Per Leerder |
| Plasingsfooi | R420.61 Per Nie-praktiese Vak |
| Plasingsfooi | R480.70 Per Praktiese Vak |
| Eksamenfooi | R1033.51 Per Praktiese/Taal Vak |
| Eksamenfooi | R841.23 Per Nie-Prak/Taal Vak |

(Hoeveelheid vakke x prys = Totaal)
***LO word nie by vakke by getel nie**

Voorgeskrewe Boek gelde en SACAI fooie word **eenmalig** aan Nukleus Onderwys betaal.

# KOSTES VERBONDE

Nukleus is onderhewig aan uiters streng finansiële bestuurspraktyke, wat verseker dat koste effektiewe onderwys aan u gelewer word.

‘n Pryslys word saam met die “AANSOEKVORM” voorsien. Let daarop dat tariewe per module gekwoteer is en dus met vier vermenigvuldig moet word om die jaarlikse tarief te bereken.

**Pakketkoste en assesseringskoste vir Gr. R-9**

- Deurgegee in Randwaarde, per leerder.
- ‘n Graad bestaan uit 4 modules (kwartale).
- Deurlopende assessering is nie verpligtend vir graad R-9 nie en word deur Nukleus aangebied as‘n alternatiewe opsie. Let wel daar word geen rapport uitgereik vir leerders wat besluit om sonder assessering in te skryf.
- Indien u wel assessering neem, moet u dit vir ‘n volle jaar neem.

Voorsiening word gemaak om die regte Enkel-boek keuse te kies, asook die graad op die verskafde pryslys. Bogenoemde fooie is vooruitbetaalbaar per module en sluit die volgende in: ‘n Leerder handleiding, ouergids en postnet kostes in (slegs binne die grense van RSA). Geen ander ondersteuningsdienste word op enkel-boek aankope verskaf nie.

* **SACAI fooie:** moet voor 28 Februarie 2021 betaal word. Omdat ons eindeksamens deur Umalusi geakkrediteer is, word daar ‘n eindeksamenfooi gehef deur die eksamenraad (SACAI), wat aan Umalusi betaal word vir die registrasie van Graad 10 tot 12 leerders en die uitreik van ‘n Nasionale Senior Sertifikaat.

**RTT / IT as vak:** Indien RTT / IT geneem word kom daar ‘n addisionele fooi by. Hierdie fooie dek die kostes van IT personeel en toerusting en is onderhewig aan verandering. Let asb daarop dat ‘n leerder RTT of IT alleenlik mag neem vanaf Gr.10. Die leerder sal nie kan oorskakel na RTT of IT in Gr.11 of Gr.12 vanaf ‘n ander vak nie.

**Die vereistes vir Rekenaartoepassingstegnologie is:**
Die leerder moet beskik oor Windows 7, 8 of 10, MS Office Professional 2010/2013/2016, internettoegang en ‘n e-pos adres.


© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

**Die vereistes vir Inligtingstegnologie:**
Die leerder moet 'n gemiddeld van 70% vir Wiskunde kan handhaaf. Die leerder moet beskik oor Windows 7, 8 of 10, MS Office Professional 2010/2013/2016, Delphi en internettoegang en 'n e-posadres.

** **Addisionele kostes:** sal bygevoeg word vir leerders wat vanaf module 2 inskryf en die volle pakket neem. Kontak info@nukleus.co.za vir meer inligting hieroor. **Let wel dat vorige kwartale se rapporte 'n vereiste is.**

Hierdie pryslys is nie van toepassing op bystandsentrums nie. 'n Bystand sentrum kan nie geregistreer word met minder as 5 kinders nie. Bystandsentrums moet 'n kontrak en bewys van registrasie hê. Kontak asseblief info@nukleus.co.za vir meer inligting.





© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# VOORGESKREWE BOEKE

Voorgeskrewe boeke vir graad R tot 12 is nie ingesluit in die pakketkoste nie en moet addisioneel aangekoop word.

Vir 'n volledige voorgeskrewe boeke pryslys, stuur die aanvraag na die volgende e-pos adres:

**info@nukleus.co.za**

Nukleus sal so spoedig moontlik die pryslys deurstuur.

# AANSOEKVORM

Die Aansoekvorm is so uiteengesit dat u die keuse het om:

- Per module of vir die volle jaar in te skryf;
- Aansoek te doen vir deurlopende assessering;
- Aansoek te doen vir spesiale dienste vir leerders met spesiale behoeftes.

Indien per module of vir die volle jaar ingeskryf word, word die Aansoekvorm met die eerste aansoek voltooi, daarna word slegs 'n **Bevestiging van besonderhede vorm** per module voltooi, sodat die kantoor die boeke kan aanstuur.

Betalingsbewys en ander relevante dokumente moet die volledige Aansoekvorm vergesel. Die pryslys word ook as deel van die Aansoekvorm uitgestuur.



© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# BETALINGS

Betalings geskied dan ook per module, vooruit.

**Die boeke sal, sodra bewys van betaling en vorm ontvang is, uitgestuur word. Gebruik asseblief die kind se naam en van as verwysing totdat u 'n rekeningnommer ontvang.**

Pryse is onderhewig aan verandering sonder verdere kennisgewing. Geen gelde sal terugbetaal word in geval van kansellasie, om welke rede ook al, na die verstryking van 3 werksdae nie. 'n 20% kansellasiefooi sal gehef word op alle terugbetalings binne die 3 dae.

Voorgeskrewe boeke kan eenmalig aangekoop word.

Alle voorwaardes en beperkings, soos hierin vervat, sowel as in die Inligtingstuk en Aansoekvorm vir 2021, sal van toepassing wees.

**Alle betalings moet gemaak word aan:**
Nukleus Junior Onderwyssentrum
Eerste Nasionale Bank
Takkode 210 114
Tjekrekening nr. 620 603 883 55

Faks of e-pos die depositostrokie na die Nukleus kantoor en gebruik u **Nukleus-rekeningnommer** as verwysing.

**Vanderbijlpark Kantoor:**
**Adres:**
Postnet Suite #64, Privaatsak x068,
Zuurfontein, 1912
**Tel:**
016 931 1727
**E-pos:**
info@nukleus.co.za


© NUKLEUS ONDERWYS 2021 ~ ALLE REGTE VOORBEHOU

# ALLES WAT 'N SUKSESVOLLE **LEERDER BENODIG**

**WEBBLAD:**
www.nukleus.co.za
**VANDERBIJLPARK:**
016 931 1727
Postnet Suite #64,
Privaatsak x068,
Zuurfontein,
1912







